

Buitengewone Provinsiale Roerant

6714

Vrydag, 12 Maart 2010

Tsongezelolo kiviGazethi nePhondo

6714

Friday, 12 March 2010

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

INHOUD

(*Herdrukke is verkrybaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001.)

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Wetsontwerp word hierby vir algemene inligting gepubliseer:

Wes-Kaapse Konsepwysigingswetsontwerp op Provinsiale Skoolonderwys, 2010

P.K. 107/2010

12 Maart 2010

Enige persoon of organisasie wat kommentaar oor die genoemde Wetsontwerp wens te lewer, word versoeke om sodanige kommentaar skriftelik te lewer voor of op 16 April 2010:

- (a) deur dit te pos aan:
Adv. Lynn Coleridge
Direkteur Beleidskoördinering
Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Privaatsak X9114
Kaapstad
8000
- (b) deur dit te e-pos aan:
lcoleridge@pgwc.gov.za
Telefoon: 021 467-2055
Faksimilee: 021 467-2565
- (c) deur dit af te lewer by:
Adv. Lynn Coleridge
Direkteur Beleidskoördinering
Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Grand Central Towers
Benedek-Parlementstraat
Kaapstad
8000
- (d) Afskrifte van die Wetsontwerp is beskikbaar op die webtuiste:
<http://wcdepolicy.pgwc.gov.za>

IZIQULATHO

(*Reprints are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001.)

ISAZISO SEPHONDO

Lo mThetho usaYilwayo ulandelayo uyapapashwa ngokoke ukwenzela ukunika ulwazi ngokubanzi:

IDrafti yokuLungiswa komThetho oYilwayo ka-2010 weMfundu yeziKolo kwiPhondo iNtshona Koloni

P.N. 107/2010

12 kuMatshi 2010

Nabani na okanye nawuphi na umbutho onqwenela ukuphawula ngalo mThetho uYilwayo uxeliweyo, uyacelwa ukuba makabhale amagqabantshintshi phambo okanye ngomhla we-16 ku-Epreli ka-2010.

- (a) Ngokuposela umbhalo apha:
Adv. Lynn Coleridge
Director: Policy Co-Ordination
Western Cape Education Department
Private Bag X9114
Cape Town
8000
- (b) ngokuthumela kule imeyile:
lcoleridge@pgwc.gov.za
Ifowuni: 021 467-2055
Ifeksi: 021 467-2565
- (c) Ngokuzisa ileta apha:
Adv. Lynn Coleridge
Director: Policy Co-Ordination
Western Cape Education Department
Grand Central Towers
Lower Parliament Street
Cape Town
8000
- (d) Iikopi zalo mThetho uYilwayo ziyafumaneka kule webhusayithi:
<http://wcdepolicy.pgwc.gov.za>



ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA

- [] Woorde in vetdruk in vierkantige hakies dui weglatings van bestaande wetsvoorskrifte aan.
- Woorde wat met ‘n aaneenlopende streep onderstreep is, dui invoegings in bestaande wetsvoorskrifte aan.
-
-

KONSEPWETSONTWERP

Om die Wes-Kaapse Provinciale Wet op Skoolonderwys, 1997, te wysig ten einde—

- die Wet in ooreenstemming te bring met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), betreffende definisies, voldoening aan norme en standaarde, die samesmelting van *openbare skole*, onderpresterende *openbare skole*, die beheer en professionele bestuur van *openbare skole*, die funksies van *principale* van *openbare skole*, die funksies van *beheerliggame* en die toewysing van daardie funksies, ‘n gedragskode vir die lede van *beheerliggame*, die toelatingsouderdom van *leerders* tot *onafhanklike skole*, toelating van *leerders* tot *openbare skole*, verpligte *skoolbywoning* en vrystelling van sodanige bywoning, die skorsing en uitsetting van *leerders* uit *openbare skole*, inisiasiepraktyke, *verteenwoordigende rade van leerders*, en *skoolgeld* by *openbare skole*;
- die mag van die Provinciale Minister verantwoordelik vir *onderwys* om provinsiale *onderwysbeleid* te bepaal en die mag van die Hoof van die Wes-Kaap Onderwysdepartement om sekere reëls neer te lê, uit te brei;
- voorsiening te maak vir die inspeksie van *skole* vir bepaalde doeleindest;
- opnuut die stigting en funksies van ‘n *onderwysraad* vir die provinsie te reguleer;
- voorsiening te maak vir die onderskeid tussen spesiale skole vir leerders met leerstoornisse teenoor leerders en spesiale skole wat onderrig met ‘n gespesialiseerde fokus aanbied;
- die genoemde *Provinciale Minister* te magtig om bepaalde norme en standaarde aangaande basiese infrastruktuur en kapasiteit in *openbare skole* voor te skryf;
- ‘n verbod te plaas op *gevaarlike voorwerpe*, *onwettige dwelms* en alkoholiese drank op *skoolterreine*;
- ‘n verbod te plaas op politieke aktiwiteite by *skole* gedurende *skooltyd*;
- ‘n verbod te plaas op die betaling van ongemagtigde vergoeding aan sekere werknekmers;
- voorsiening te maak dat bepaalde *opvoeders* geag sal word ontslaan te wees in sekere omstandighede;
- die tydperk vir die indien van bepaalde grieve te verkort;
- die mag van die gemelde *Provinciale Minister* om *regulasies* te maak, uit te brei;
- bepaalde verouderde uitdrukings te vervang;
- en om voorsiening te maak vir verwante sake

WORD DAAR DERHALWE deur die Proviniale Parlement van die Provincie Wes-Kaap soos volg bepaal:—

Vervanging van aanhef tot Wet 12 van 1997

1. Die volgende aanhef vervang die aanhef tot die Wes-Kaapse Proviniale Wet op Skoolonderwys, 1997 (die Hoofwet):

“NADEMAAL die Provincie van die Wes-Kaap die belangrikheid erken van alle *onderwys* om burgers in staat te stel om die ongelykhede van die verlede te oorkom ten einde hulle potensiaal in ’n toenemend mededingende en komplekse provinsiale, nasionale en internasionale ekonomiese te verwesenlik; en

NADEMAAL dit vir hierdie doel noodsaaklik is dat alle *leerders* toegang moet hê tot die hoogste gehalte van basiese *onderwys* wat die *provincie* kan voorsien en wat die beginsels en waardes van die *Grondwet* van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, veral die regte van kinders, sal handhaaf terwyl die hoogste vorms van verantwoordbaarheid van hierdie *leerders*, hulle *ouers*, *skoolbeheerliggame*, *opvoeders* en *beamptes vereis word.*”

5

10

15

Wysiging van artikel 1 van Wet 12 van 1997

2. Artikel 1 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die invoeging voor die definisie van “*beampte*” van die volgende definisie:

20

“‘*basiese onderwys*’ onderwys van graad R (*Ontvangs*) tot graad 12”;

(b) deur die skrapping in die definisie van “*Grondwet*” van die uitdrukking “(Wet 108 van 1996)”;

(c) deur die invoeging na die definisie van “*gespesialiseerde onderwys*” van die volgende definisie:

25

“‘gevaarlike voorwerp’

(a) enige ontplofbare stof of toestel;

(b) enige vuurwapen of gaswapen;

(c) enige artikel, voorwerp of instrument wat gebruik kan word om ’n persoon liggaamlik te beseer of skade aan eiendom aan te rig, of om ’n persoon tydelik verlam of bewusteloos te laat; of

(d) enige voorwerp wat—

30

(i) die *Nasionale Minister* onder die *Suid-Afrikaanse Skolewet* vir die doeleindes van daardie Wet tot gevaarlike voorwerp verklaar; of

(ii) wat die *Proviniale Minister* by kennisgewing in die *Proviniale Koerant* tot gevaarlike voorwerp verklaar vir die doeleindes van *hierdie Wet*;“

35

(d) deur die vervanging van die definisie van “*onderwysraad*” deur die volgende definisie:

40

“‘Onderwysraad’ [onderwysraad] die *Wes-Kaap Onderwysraad* wat kragtens artikel 11 ingestel is”;“

(e) deur die invoeging na die definisie van “*Wetgewer*” van die volgende definisie:

45

“‘Wet op die Indiensneming van Opvoeders’ die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998);“

(f) deur die vervanging van die definisie van “*finansiële hoof*” deur die volgende definisie:

50

“‘finansiële hoof’ die Proviniale Minister verantwoordelik vir die finansiële sake van die *provincie*;“

(g) deur die invoeging na die definisie van “*ouer*” van die volgende definisie:

“‘onwettige dwelm’ enige dwelm soos omskryf in die Wet op Dwelms en Dwelphandel, 1992 (Wet 140 van 1992) wat gebruik word of in besit is strydig met artikel 4 van daardie Wet”;“

(h) deur die skrapping van die definisies van “*Wetgewer*” en “*Lid van die Uitvoerende Raad*”;“

55

- (i) deur die invoeging na die definisie van “***hierdie Wet***” van die volgende definisie:
- “***kantoorgebaseerde opvoeder*** ’n opvoeder wat dienste verskaf in die—
- (a) kundige stroom as—
- (i) onderwyskundige; 5
- (ii) senior onderwyskundige;
- (iii) adjunkhoofonderwyskundige; of
- (iv) hoofonderwyskundige; of
- (b) bestuurstroom as—
- (v) onderwysinrigtingsbestuurder; of 10
- (vi) distrikshoof”;
- (j) deur die skrapping van die definisie van “***georganiseerde onderwysprofessie***”;
- (k) deur die invoeging na die definisie van “***Provinsiale Koerant***” van die volgende definisie: 15
- “***Provinsiale Minister*** die Provinsiale Minister verantwoordelik vir onderwys in die provinsie”;
- (l) deur die vervanging van die definisie van “***skool***” deur die volgende definisie:
- “***skool*** ’n openbare skool of ’n onafhanklike skool wat [leerders in een of meer grade van graad nul tot graad twaalf inskryf] basiese onderwys 20 voorsien, en insluit ’n koshuis van sodanige skool”;
- (m) deur die invoeging na die definisie van “***skoolbesoekbeampte***” van die volgende definisie:
- “***skoolgeld*** skoolgeld soos beoog in artikel 49, en sluit in enige vorm van bydrae van ’n monetêre aard wat gemaak of betaal word deur ’n persoon of liggaam met betrekking tot die bywoning of deelname van ’n leerder aan enige program van ’n openbare skool”; 25
- (n) deur die invoeging na die definisie van “***skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes***” van die volgende definisie:
- “***Suid-Afrikaanse Skolewet*** die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)”; 30
- (o) deur die vervanging van die definisie van “***hierdie Wet***” deur die volgende definisie:
- “***hierdie Wet*** sluit in die regulasies”;
- (p) deur die vervanging van die definisie van “***Wes-Kaap Onderwysdepartement***” deur die volgende definisie: 35
- “***Wes-Kaap Onderwysdepartement*** die provinsiale departement verantwoordelik vir onderwys in die provinsie.”

Wysiging van artikel 3 van Wet 12 van 1997

3. Artikel 3 van die Hoofwet word gewysig deur die vervanging van subartikel (1) 40 deur die volgende subartikel:
- “(1) Behoudens die bepalings van die *Suid-Afrikaanse Skolewet [1996 (Wet 84 van 1996,)]* en die *Grondwet, kan die [Lid van die Uitvoerende Raad] Provinsiale Minister*, waar nodig, van tyd tot tyd die beleid wat ten opsigte van *onderwys in skole in die provinsie* gevolg moet word, bepaal, en 45 [wel binne die raamwerk van] met inagneming van die volgende beginsels, naamlik dat—
- (a) elke *leerder* geregtig is op [gewone] basiese onderwys by sy of haar naaste gewone *openbare skool*, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is; 50
- (b) elke *leerder* geregtig is op [gelyke] billike toegang tot *openbare skole*;
- (c) elke *leerder* die reg het om [moedertaal] *onderwys in die amptelike taal* of tale van keuse te ontvang, met inbegrip van die reg om [sy of haar moedertaal] enige amptelike taal as vak te neem, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is; 55
- (d) [elke *leerder* die reg het om godsdiensonderwys te ontvang vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is; en (e)] *onderwys*

- (i) verskaf sal word ooreenkomstig die behoeftes, [bekwaamheid, aanleg en belangstelling] bekwaamhede, aanlegte en belangstellings van die leerders en die behoeftes van die land [en gepaste voorligting vir leerders beskikbaar is vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is]; 5
- (ii) gerig sal wees op die bereiking van billike onderwysgeleenhede en die regstelling van vorige onderwysongelykheid;
- (iii) 'n kultuur van respek vir onderrig en leer in onderwys inrigtings sal bevorder; 10
- (iv) se gehalte bevorder sal word deur monitering en die evaluering van lewering en prestasie en deur die opleiding van opvoeders en onderwysbestuurders;
- (v) breë openbare deelname sal verseker in die ontwikkeling van onderwysbeleid en die verteenwoordiging van rolspelers in die 15 beheer van alle aspekte van die onderwysstelsel."

Wysiging van artikel 7 van Wet 12 van 1997

4. Artikel 7 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die vervanging van subparagraph (ii) van subartikel (1)(g) deur die volgende subparagraph: 20

“(ii) die aanstelling, gedrag, tug , bevoegdhede, pligte en werksaamhede van eksaminatore, moderatore, opsiener, nasieners en ander persone wie se dienste nodig is in verband met die afneem van daardie eksamens; en”

(b) deur die byvoeging tot paragraaf (g) van subartikel (1) van die volgende 25 subparagrawe:

(iii) die bestuur en afneem van skoolgebaseerde assessorings; en
 (iv) gehalteversekering van nasionale, provinsiale of skoolgebaseerde assessorings.”.

Invoeging van artikel 7A in Wet 12 van 1997

30

5. Die volgende artikel word ingevoeg na artikel 7 van die Hoofwet:

“Voldoening aan norme en standaarde

7A. (1) Die Proviniale Minister sal, ooreenkomstig

'n implementeringsprotokol beoog in artikel 35 van die *Intergovernmental Relations Framework Act, 2005* (Wet 13 van 2005), voldoening verseker aan— 35

(a) norme en standaarde vasgestel deur die *Nasionale Minister* ingevolge artikels 5A, 6 (1), 20 (11), 35 en 48 (1) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*;

(b) minimum uitkomste en standaarde bepaal ingevolge artikel 6A van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*; en

(c) prestasiestandaarde beoog in item 2 (2) van Skedule 1 tot die Wet op die *Indiensneming van Opvoeders*;

(in hierdie artikel gesamentlik na verwys as “norme en standaarde”).

(2) Die *Proviniale Minister* moet verseker dat die beleid bepaal deur 'n *beheerliggaam* ingevolge artikels 5 (5) en 6 (2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* voldoen aan die norme en standaarde; 40

(3) Die *Proviniale Minister* moet jaarliks verslag doen aan die *Nasionale Minister* oor die mate waartoe daar voldoen is aan die norme en standaarde of, indien daar nie daaraan voldoen is nie, aandui watter maatreëls vir voldoening getref sal word. 50

(4) Enige disput tussen die *Nasionale Minister* en die *Proviniale Minister* aangaande nie-voldoening aan die norme en standaarde moet—

(a) gehanteer word in ooreenstemming met die beginsels van koöperatiewe beheer na verwys in artikel 41 (1) van die *Grondwet* en die bepalings van die *Intergovernmental Relations Framework Act, 2005*; en 55

| | |
|---|----|
| (b) wanneer ookal nodig, beslis word ooreenkomstig Hoofstuk 4 van die <i>Intergovernmental Relations Framework Act, 2005</i> . | |
| (5) Die <i>Departementshoof</i> moet voldoen aan alle norme en standaarde binne 'n spesifieke <i>openbare skooljaar</i> deur— | |
| (a) bronne te identifiseer waarmee daar voldoen kan word aan die norme en standaarde; | 5 |
| (b) die risiko-areas vir voldoening te identifiseer; | |
| (c) 'n voldoeningsplan vir die <i>provinsie</i> te ontwikkel, waarin alle norme en standaarde en die omvang van voldoening gereflekteer word; | |
| (d) protokolle met die <i>skole</i> te ontwikkel oor hoe om te voldoen aan norme en standaarde en die risiko-areas te beheer; en | 10 |
| (e) voor 30 September van elke jaar verslag te doen aan die <i>Provinsiale Minister</i> oor die stand van voldoening en oor die maatreëls beoog in paragraaf (a) tot (d). | |
| (6) Die <i>Departementshoof</i> moet— | 15 |
| (a) ooreenkomstig die norme en standaarde in artikel 5A van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> en artikel 20B van <i>hierdie Wet</i> beoog, die minimum en maksimum kapasiteit van 'n <i>openbare skool</i> bepaal in verhouding tot die beskikbaarheid van klaskamers en <i>opvoeders</i> , asook die kurrikulumprogram van die <i>skool</i> , en | 20 |
| (b) ten opsigte van elke <i>openbare skool</i> in die <i>provinsie</i> , sodanige bepaling skriftelik oordra aan die voorsitter van die <i>beheerliggaam</i> en <u>die prinsipaal teen nie later nie as 30 September van elke jaar.</u> ". | |

Vervanging van artikel 9 van Wet 12 van 1997

6. Die volgende artikel vervang artikel 9 van die Hoofwet: 25

“Inspeksie van skole [en koshuise]

| | |
|--|----|
| 9. Die <i>Departementshoof</i> kan, hetsy in die algemeen of in 'n besondere geval, 'n persoon skriftelik magtig om 'n <i>skool [of koshuis in], na</i> konsultasie met die <i>prinsipaal</i> van die [<i>betrokke</i>] <i>skool</i> , te inspekteer <u>met die doel om—</u> | 30 |
| (a) <u>prestasie ooreenkomstig nasionale en provinsiale norme en standaarde te evalueer;</u> | |
| (b) <u>voldoening aan nasionale en provinsiale norme en standaarde te monitor.”</u> | |

Vervanging van artikel 11 van Wet 12 van 1997 35

7. Die volgende artikel vervang artikel 11 van die Hoofwet:

Instelling en werksaamhede van Onderwysraad

11. (1) Daar word hierby 'n Onderwysraad ingestel wat bekend staan as die Wes-Kaap Onderwysraad.

| | |
|---|----|
| (2) Die <i>Onderwysraad</i> — | 40 |
| (a) bedien die <i>Provinsiale Minister</i> en die <i>Wes-Kaap Onderwysdepartement</i> van advies aangaande aangeleenthede betreffende die <i>onderwys</i> , insluitende wette en regulasies, wat die <i>Provinsiale Minister</i> of daardie Departement na hom verwys, of wat die <i>Onderwysraad</i> onder die aandag van die <i>Provinsiale Minister</i> of daardie Departement wil bring; en | 45 |
| (b) verrig sodanige ander werksaamhede wat deur of kragtens <i>hierdie Wet</i> of kragtens enige ander wet, aan hom opgedra word. | |
| (3) Die <i>Provinsiale Minister</i> kan <i>regulasies</i> maak in verband met— | 50 |
| (a) die kategorieë, kwalifikasies en ampstermy van lede van die <i>Onderwysraad</i> ; | |
| (b) die vul van vaktures en die verwydering van lede; | |
| (c) die aanstelling en funksies van die uitvoerende komitee van die <i>Onderwysraad</i> ; | |

| | |
|---|---------------------|
| <p>(d) enige ander aangeleenthed nodig vir die behoorlike bestuur en bedryf van die <i>Onderwysraad</i>.</p> <p>(4) Die <i>Onderwysraad</i> bestaan uit—</p> <p>(a) 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter aangestel deur die <i>Provinciale Minister</i>;</p> <p>(b) die voorgeskrewe getal persone deur die <i>Departmentshoof</i> uit sy of haar personeel aangewys;</p> <p>(c) die voorgeskrewe getal persone deur die <i>Provinciale Minister</i> aangewys uit benoemings wat op die voorgeskrewe wyse gedoen is in die onderskeie kategorieë waarnaar daar in subartikel (2)(a) verwys word.</p> <p>(5) Geen handeling van die <i>Onderwysraad</i> is ongeldig bloot vanweë 'n vakature in die <i>Raad</i> nie.</p> <p>(6) Aan 'n lid van die <i>Onderwysraad</i> wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie kan, uit gelde vir die doel bewillig deur die <i>Provinciale Parlement</i>, sodanige toelaes betaal word wat die <i>Provinciale Minister</i> met die instemming van die finansiële hoof bepaal.</p> <p>(7) Die administratiewe werksaamhede van die <i>Onderwysraad</i> word verrig deur <i>beampies van die Wes-Kaap Onderwysdepartement</i>.</p> <p>(8) Die <i>Onderwysraad</i> bepaal sy eie reëls betreffende vergaderings en procedures by daardie vergaderings, onderhewig aan die regulasies.”.</p> | 5 10 15 20 |
|---|---------------------|

Invoeging van artikels 12A en 12 B in Wet 12 van 1997

8. Die volgende artikels word ingevoeg na artikel 12 van die Hoofwet:

“Samesmelting van openbare skole

| | |
|--|--|
| <p>12A. (1) Behoudens subartikel (2), kan die <i>Provinciale Minister</i>, by kennisgewing in die <i>Provinciale Koerant</i>, twee of meer <i>openbare skole</i> in 'n enkele <i>skool</i> laat saamsmelt.</p> <p>(2) Alvorens twee of meer <i>openbare skole</i> saamgesmelt word, moet die <i>Provinciale Minister</i>—</p> <p>(a) aan die betrokke <i>skole</i> skriftelik kennis gee van die beoogde samesmelting;</p> <p>(b) 'n kennisgewing met uiteensetting van die redes vir die beoogde samesmelting publiseer in een of meer koerante wat sirkuleer in die gebied waarin die betrokke <i>skole</i> geleë is;</p> <p>(c) die <i>beheerliggame</i> van die betrokke <i>skole</i> en enige ander belangstellendes die geleentheid bied om binne 'n tydperk van minstens 90 dae na die datum van die kennisgewing in paragraaf (b) bedoel, vertoë te rig;</p> <p>(d) die vertoë oorweeg; en</p> <p>(e) tevreden te wees dat die werknemers van personeel by die <i>openbare skole</i> hulle verpligtings ingevolge die toepaslike arbeidswetgewing nagekom het.</p> <p>(3) Indien een of meer van die <i>skole</i> wat ingevolge subartikel (1) saamgesmelt staan te word, <i>openbare skole</i> op private eiendom is, moet die <i>Provinciale Minister</i> ook—</p> <p>(a) die eienaar van die private eiendom in kennis stel van die voorneme om die betrokke <i>skole</i> te laat saamsmelt;</p> <p>(b) enige kontraktuele verpligtinge ingevolge die ooreenkoms in artikel 14 van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> beoog, oorweeg;</p> <p>(c) enige verpligtinge ingevolge die bestaande ooreenkoms herbeding indien nodig; en</p> <p>(d) 'n nuwe ooreenkoms ingevolge artikel 14 van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> beding, as die enkele <i>skool</i> in subartikel (1) beoog, op private eiendom geleë sal wees.</p> <p>(4) Die enkele <i>skool</i> in subartikel (1) beoog, moet as 'n <i>openbare skool</i> beskou word.</p> <p>(5) Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die <i>skole</i> wat saamsmelt, berus, behoudens die voorwaardes van enige skenking, bemaking of trust in artikel 37 (4) van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> beoog, by die enkele <i>skool</i>.</p> | 25 30 35 40 45 50 55 |
|--|--|

(6) (a) Die *beheerliggame* van die *skole* wat saamgesmelt word, moet voor die samesmelting 'n vergadering hou om 'n enkele interim *beheerliggaam*, bestaande uit al die lede van die betrokke *beheerliggam*, saam te stel.

(b) Die interim *beheerliggaam* besluit oor die begroting en verskille in gedragskodes en *skoolgeld*, asook oor enige aangeleentheid wat relevant is tot die samesmelting of wat *voorgeskryf* word, totdat 'n nuwe *beheerliggaam* ingevolge artikels 23 en 28 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* saamgestel is.

(7) Die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* wat saamgesmelt staan te word, kan by die *Nasionale Minister* app 1 aanteken teen die besluit soos in subartikel (1) beoog.

Identifikasie van onderpresterende openbare skole

12B. (1) Die *Departementshoof* moet jaarliks, van die verslag in artikel 13A(1)(b) beoog, en van ander relevante verslae, enige *openbare skool* wat onderpresteer in verband met enige saak waarna daar in subartikel (2) (a), (b) of (c) verwys word, identifiseer.

(2) Die *Departementshoof* moet 'n skriftelike kennisgewing uitreik aan die *skool* beoog in subartikel (1) indien hy of sy tevrede is dat—

(a) die standaard van prestasie van *leerders* benede die standaarde voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaring is en waarskynlik so sal bly tensy die *Departementshoof* ingevolge *hierdie Wet* 'n mag uitoefen;

(b) 'n ernstige verbrokkeling in die wyse waarop die *skool* bestuur of beheer word tot nadeel is of moontlik kan wees van die standaarde van prestasie; of

(c) die veiligheid van *leerders* of personeel bedreig word.

(3) Die skriftelike kennisgewing in subartikel (2) beoog, sal die *skool* inlig dat dit—

(a) binne 14 dae na besorging van die kennisgewing op die kennisgewing moet reageer; en

(b) so gou doenlik na daardie respons die *Departementshoof* moet voorsien van 'n plan vir die herstel van die toestand.

(4) Die *Departementshoof* sal alle redelike stappe doen om 'n skool wat ingevolge subartikel (1) geïdentifiseer is, by te staan met die aansprek van die onderprestasie.

(5) Sonder om die aard en omvang van die stappe in subartikel (4) beoog, te beperk, moet die *Departementshoof* dit oorweeg om—

(a) die onbevoegdheidskode en procedures vir swak werkprestasie na verwys in artikel 16 van die *Wet op die Indiensneming van Opoeders*, te implementeer;

(b) die werksaamhede van die *beheerliggaam* ingevolge artikel 8 (5) van *hierdie Wet* in te trek; of

(c) persone ingevolge artikel 25 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* aan te stel om die werksaamhede of gespesifiseerde funksies van die *beheerliggaam* te verrig.

(6) Die berading van die *prinsipaal* soos beoog in item 2 (5) (b) (ii) van Skedule 1 tot die *Wet op die Indiensneming van Opoeders* kan insluit die aanstelling van 'n akademiese mentor of 'n plaasvervanger *prinsipaal* om die werksaamhede en verantwoordelikhede van die *prinsipaal* oor te neem vir die tydperk bepaal deur die *Departementshoof*.

(7) Ten einde die *Nasionale Minister* by te staan in die uitvoering van sy of haar pligte na verwys in artikel 8 van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid*, 1996 (Wet 27 van 1996), moet die *Provinsiale Minister* aan die Minister binne drie maande na afloop van 'n *skooljaar* verslag doen oor die optrede van die *Departementshoof* met betrekking tot 'n *onderpresterende openbare skool*."

5

10

15

20

25

30

35

40

45

50

55

Vervanging van artikel 13 van Wet 12 van 1997

9. Die volgende artikel vervang artikel 13 van die Hoofwet:

“Beheer en professionele bestuur van openbare skole

- 13.** (1) Behoudens hierdie Wet en die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, setel die beheer van elke *openbare skool* in sy beheerliggaam en kan dit slegs sodanige funksies en verpligtege verrig en slegs sodanige regte uitoefen soos voorgeskryf deur daardie Wette. 5
- (2) 'n *Beheerliggaam* staan in 'n vertrouensposisie teenoor die *skool*.
- (3) Behoudens hierdie Wet en [*enige toepaslike provinsiale wet*] die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, [*setel . . . in*] moet die professionele bestuur van 'n *openbare skool* deur die prinsipaal onderneem word onder die gesag van die *Departementshoof*. 10
- (4) Die *Departementshoof* [*moet die bevoegdhede wat vir die effektiewe professionele bestuur van 'n openbare skool vereis word, aan die prinsipaal deleger*] kan 'n *openbare skool* in 'n noodgeval tydelik sluit indien die *Departementshoof* op redelike gronde die mening huldig dat die lewens van *leerders* en personeel bedreig word of dat daar 'n werklike gevær bestaan van die liggaamlike besering van leerders of van skade aan eiendom. 15
- (5) [*'n Delegasie beoog in subartikel (4) kan op redelike gronde ingestrek word*] Wanneer die *Departementshoof* besluit dat 'n skool in subartikel (4) beoog, heropen moet word, moet die *Departementshoof* die beheerliggaam en die prinsipaal inlig van die datum waarop die skool sal heropen. 20
- (6) Die *prinsipaal* of 'n persoon aangewys deur die *Departementshoof* moet die *opvoeders en ouers* inlig van die datum in subartikel (5) beoog. 25
- (7) Indien 'n nuwe *openbare skool* ingevolge artikel 12 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* voorsien word, setel die beheer van daardie *skool* in die *Departementshoof* totdat 'n *beheerliggaam* ingevolge daardie Wet ingestel is.”. 30

Invoeging van artikel 13A in Wet 12 van 1997

10. Die volgende artikel word ingevoeg na artikel 13 van die Hoofwet:

“Funksies en verantwoordelikhede van prinsipaal van openbare skool

- 13A.** (1) (a) Die *prinsipaal* van 'n *openbare skool* verteenwoordig die *Departementshoof* op die beheerliggaam wanneer hy of sy in 'n ampelike hoedanigheid optree soos beoog in artikels 23 (1) (b) en 24 (1) (j) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*. 35
- (b) Die *prinsipaal* moet 'n jaarverslag voorberei en aan die *Departementshoof* voorlê ten opsigte van—
- (i) die akademiese prestasie van daardie *skool* in verhouding tot minimum uitkomstes en standarde en prosedures vir assessering deur die Minister bepaal ingevolge artikel 6A van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*; en 40
 - (ii) die effektiewe gebruik van beskikbare hulpbronne.
- (c) (i) Die *prinsipaal* van 'n *openbare skool* geïdentifiseer deur die *Departementshoof* ingevolge artikel 12B moet jaarliks, voor die aanvang van die eerste *skoolkwartaal*, 'n plan voorberei wat uiteensit hoe akademiese prestasie by die *skool* verbeter sal word. 45
- (ii) Die akademieseprestasieverbeteringsplan moet—
 - (aa) voorgelê word aan die *Departementshoof* op 'n datum deur die *Departementshoof* bepaal; en
 - (bb) ter tafel gelê word by 'n *beheerliggaamvergadering*.
 - (iii) Die *Departementshoof* kan die akademieseprestasieverbeteringsplan goedkeur of dit terugbesorg aan die 50
- 55

| | | |
|-------|---|----|
| | <i>prinsipaal</i> met sodanige aanbevelings as wat onder die omstandighede geag mag word nodig te wees. | |
| (iv) | Indien die <i>Departementshoof</i> die akademieseprestasieplan goedkeur, moet die <i>prinsipaal</i> , teen 30 Junie, verslag doen aan die <i>Departementshoof</i> en die <i>beheerraad</i> oor die vordering wat met die implementering van daardie plan gemaak is. | 5 |
| (v) | Die <i>Departementshoof</i> kan die datum in subparagraph (iv) beoog verleng by aanvoering van gegronde redes. | |
| | Die <i>prinsipaal</i> moet— | |
| (a) | by die onderneming van die professionele beheer van 'n <i>openbare skool</i> soos in artikel 13 (3) beoog, pligte uitvoer wat insluit, maar nie beperk is tot nie— | 10 |
| (i) | die implementering van al die <i>opvoedkundige</i> programme en kurrikulumaktiwiteite; | |
| (ii) | die bestuur van alle <i>opvoeders</i> en ondersteuningspersoneel; | 15 |
| (iii) | die bestuur van die gebruik van leerondersteuningsmateriaal en ander toerusting; | |
| (iv) | die verrig van werksaamhede aan die <i>prinsipaal</i> deur die <i>Departementshoof</i> ingevolge <i>hierdie Wet</i> gedelegeer; | |
| (v) | die veilige bewaring van alle <i>skoolrekords</i> ; en | 20 |
| (vi) | die implementering van beleid en wetgewing; | |
| (b) | teenwoordig wees by en deelneem aan alle vergaderings van die <i>beheerliggaam</i> ; | |
| (c) | die <i>beheerliggaam</i> voorsien van 'n verslag oor die professionele beheer betreffende die <i>openbare skool</i> ; | 25 |
| (d) | die <i>beheerliggaam</i> help met die hantering van dissiplinêre sake betreffende <i>leerders</i> ; | |
| (e) | die <i>Departementshoof</i> help met die hantering van dissiplinêre sake betreffende <i>opvoeders</i> en ondersteuningspersoneel in die diens van die <i>Departementshoof</i> ; | 30 |
| (f) | die <i>beheerliggaam</i> inlig oor beleid en wetgewing; en | |
| (g) | akkurate data aan die <i>Departementshoof</i> voorsien wanneer versoek word om dit te doen. | |
| (3) | Die <i>prinsipaal</i> moet die <i>beheerliggaam</i> bystaan in die uitvoering van sy funksies en verantwoordelikhede, maar sodanige hulp of deelname mag nie strydig wees met— | 35 |
| (a) | instruksies van die <i>Departementshoof</i> nie; | |
| (b) | wetgewing of beleid nie; | |
| (c) | enige verpligting teenoor die <i>Departementshoof</i> , die <i>Provinsiale Minister</i> of die <i>Nasionale Minister</i> ; of | 40 |
| (d) | 'n bepaling van die <i>Wet op die Indiensneming van Opvoeders</i> en die <i>Personeleadministrasiemaatreëls</i> ingevolge daarvan bepaal nie". | |

Invoeging van artikels 20A en 20B in Wet 12 van 1997

11. Die volgende artikels word ingevoeg na artikel 20 van die Hoofwet:

| | | |
|-----|--|----|
| | "Skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes | 45 |
| | 20A. (1) 'n Openbare skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes soos in artikel 12(3) van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> beoog, kan bestaan uit— | |
| (a) | 'n spesiale <i>skool</i> om <i>onderwys</i> te voorsien aan <i>leerders</i> met leerstoornisse: of | 50 |
| (b) | 'n spesiale <i>skool</i> wat <i>onderwys</i> met 'n gespesialiseerde fokus voorsien. | |
| | (2) Die <i>Provinsiale Minister</i> kan, behoudens toepaslike nasionale norme en standaarde, deur regulasie toelatingskriteria, befondsing en beheermodelle vir die <i>skole</i> in subartikel (1) beoog, voorskryf. | 55 |

Norme en standaarde vir basiese infrastruktuur en kapasiteit in openbare skole

20B. (1) Behoudens enige toepaslike nasionale norme en standaarde in artikel 146 (2) van die *Grondwet* beoog, kan die *Provinsiale Minister* na oorlegpleging met die *Onderwysraad*, deur regulasie minimum eenvormige norme en standaarde voorskryf vir—

- (a) skoolinfrastruktuur;
- (b) kapasiteit van 'n skool betreffende die aantal *leerders* wat 'n skool kan toelaat, en
- (c) die voorsiening van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal.

(2) By die bepaling van beleid ingevolge artikels 5 (5) en 6 (2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, moet 'n beheerliggaam voldoen aan die norme en standaarde in subartikel (1) beoog en enige norme en standaarde voorgeskryf deur die *Nasionale Minister* onder artikel 5A van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*;

(4) 'n *Beheerliggaam* moet, binne 'n tydperk van 12 maande nadat die *Provinsiale Minister* die norme en standaarde in subartikel (1) beoog voorgeskryf het, of die *Nasionale Minister* die norme en standaarde in artikel 5A van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog, voorgeskryf het, enige beleid wat dit ingevolge artikels 5 (5) en 6 (2) van daardie Wet bepaal het, hersien ingevolge artikels 5 (5) en 6 (2) van daardie Wet om te verseker dat sodanige beleid voldoen aan die norme en standaarde.”.

Invoeging van artikel 21A in Wet 12 van 1997

12. Die volgende artikel word ingevoeg na artikel 21 van die Hoofwet:

“Funksies van alle beheerliggame

25

21A (1) Behoudens *hierdie Wet* en die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, moet die beheerliggaam van 'n *openbare skool*—

- (a) die beste belang van die *skool* bevorder en daarna streef om sy ontwikkeling deur die voorsiening van *gehalte-onderwys* vir alle *leerders* by die *skool* te verseker;
- (b) 'n grondwet aanvaar;
- (c) die missieverklaring van die *skool* ontwikkel;
- (d) 'n gedragskode vir *leerders* by die *skool* aanvaar;
- (e) die *prinsipaal*, *opvoeders* en ander personeel van die *skool* ondersteun in die verrigting van hulle professionele werksaamhede;
- (f) staan by enige optrede van die *Departementshoof* ingevolge artikel 16 van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* om die onbevoegdheid van 'n *prinsipaal* of *opvoeder* om hulle pligte op doeltreffende wyse uit te voer, aan te spreek.
- (g) die tye van die *skooldag* bepaal in ooreenstemming met enige toepaslike diensvoorraades van *personeel* by die *skool*;
- (h) die *skool* se eiendom, en geboue en gronde deur die *skool* beset, met inbegrip van koshuise, administreer en beheer, maar die uitoefening van hierdie reg mag nie met die implementering van 'n besluit deur die *Provinsiale Minister* of die *Departementshoof* ingevolge enige wet of beleid, inmeng op enige wyse of dit andersins belemmer nie;
- (i) ouers, *leerders*, *opvoeders* en ander personeel van die *skool* aanmoedig om vrywillige dienste aan die *skool* te lewer;
- (j) die aanstelling van *opvoeders* by die *skool* by die *Departementshoof* aanbeveel, behoudens die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* en die *Wet op Arbeidsverhoudinge*, 1995 (*Wet 66 van 1995*);
- (k) die aanstelling van nie-*opvoeder*-personeel by die *skool* by die *Departementshoof* aanbeveel, onderworpe aan die Staatsdienswet, 1994 (*Proklamasie 103 van 1994*), en die *Wet op Arbeidsverhoudinge*, 1995;
- (l) die aanbeveling in paragraaf (k) beoog, maak binne die tydrame in artikel 6 (3) (l) van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* beoog;

30

35

40

45

50

55

| | |
|--|----|
| (m) op versoek van die <i>Departementshoof</i> , die redelike gebruik van die fasiliteite van die <i>skool</i> vir <i>opvoedkundige</i> programme wat nie deur die <i>skool</i> aangebied word nie, in regverdige omstandighede soos deur die <i>Departementshoof</i> bepaal, toelaat; | 5 |
| (n) alle ander werksaamhede wat deur of kragtens <i>hierdie Wet</i> of die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> aan die <i>beheerliggaam</i> opgelê word, verrig; en | 10 |
| (o) ander werksaamhede in ooreenstemming met die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> , soos deur die <i>Nasionale Minister</i> by kennisgewing in die <i>Staatskoerant</i> bepaal, of deur die <i>Provinsiale Minister</i> by kennisgewing in die <i>Provinsiale Koerant</i> , verrig. | 15 |
| (2) Die <i>beheerliggaam</i> kan die redelike gebruik van die fasiliteite van die <i>skool</i> vir gemeenskaps-, sosiale en <i>skoolfondsinsamelingsdoeleindes</i> toelaat, onderworpe aan sodanige redelike en billike voorwaardes as wat die <i>beheerliggaam</i> mag bepaal, wat die heffing van gelde of tariewe vir die <i>skool</i> se voordeel kan insluit. | 20 |
| (3) Die <i>beheerliggaam</i> kan by 'n vrywillige vereniging wat <i>beheerliggame van openbare skole</i> verteenwoordig, aansluit. | 25 |
| (4) Behoudens <i>hierdie wet</i> , die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en enige ander toepaslike wet, kan 'n <i>openbare skool</i> poste vir <i>opvoeders</i> instel en <i>opvoeders</i> in diens neem bykomstig tot die diensstaat deur die <i>Provinsiale Minister</i> bepaal ingevolge artikel 5 (1) van die <i>Wet op die Indiensneming van Opvoeders</i> . | 30 |
| (5) Behoudens <i>hierdie Wet</i> , die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en enige ander toepaslike wet, kan 'n <i>openbare skool</i> poste vir nie- <i>opvoeders</i> instel en nie- <i>opvoederpersoneel</i> in diens neem bykomstig tot die diensstaat ingevolge die Staatsdienswet, 1994, bepaal. | 35 |
| (6) 'n <i>Opvoeder</i> en 'n nie- <i>opvoeder</i> wat in 'n pos wat ingevolge subartikel (4) of (5) ingestel is, aangestel word, moet voldoen aan die vereistes wat gestel word vir indiensneming by <i>openbare skole</i> ingevolge <i>hierdie Wet</i> , die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 en enige ander toepaslike wet. | 40 |
| (7) 'n <i>Openbare skool</i> kan 'n <i>opvoeder</i> in 'n pos ingestel ingevolge subartikel (4), aanstel slegs indien die <i>opvoeder</i> as <i>opvoeder</i> geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders. | 45 |
| (8) Die personeel beoog in subartikels (4) en (5) moet ooreenkomsdig die basiese waardes en beginsels bedoel in artikel 195 van die <i>Grondwet</i> in diens geneem word, en die faktore wat in berekening gebring word by die aanstellings, moet insluit, maar is nie beperk nie tot— | 50 |
| (a) die bekwaamheid van die kandidaat; | 55 |
| (b) die beginsel van billikhed; | |
| (c) die behoefté om ongeregtighede van die verlede reg te stel; en | |
| (d) die behoefté om verteenwoordigend te wees. | 60 |
| (9) Wanneer die jaarlikse begroting soos beoog in artikel 38 van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> aangebied word, moet die <i>beheerliggaam</i> van 'n <i>openbare skool</i> voldoende besonderhede van enige poste wat beoog word ingevolge subartikels (4) en (5) aanbied, met inbegrip van die beraamde koste betreffende die aanstelling van personeel in sodanige poste, en die wyse waarop voorgestel word dat sodanige koste betaal moet word. | |
| (10) Ondanks artikel 60 van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> , is die Staat nie aanspreeklik vir enige handeling of versuum by 'n <i>openbare skool</i> wat voortspruit uit sy kontraktuele verantwoordelikheid as die werkewer teenoor personeel aangestel ingevolge subartikels (4) en (5) nie. | |
| (11) Behoudens enige toepaslike nasionale norme en standaarde bepaal deur die <i>Nasionale Minister</i> ingevolge artikel 20(11) van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> , 1996, kan die <i>Provinsiale Minister</i> by kennisgewing in die <i>Provinsiale Koerant</i> norme en standaarde bepaal betreffende die fondse wat gebruik word vir die aanstelling van personeel bedoel in subartikels (4) en (5), maar sodanige norme en standaarde mag nie geïnterpreteer word as sou die Staat 'n medewerkewer van sodanige personeel wees nie." | |

Invoeging van artikel 26A in Wet 12 van 1997

13. Die volgende artikel word ingevoeg na artikel 20 van die Hoofwet:

“Gedragskode van beheerligaam”

(1) Die *Provinsiale Minister* sal, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n gedragskode vir die lede van die *beheerligaam* van 'n *openbare skool* bepaal na konsultasie met verenigings van *beheerliggame* in die *provinsie*, indien van toepassing.

(2) Die gedragskode waarna verwys word in subartikel (1) is gemik op die daarstelling van 'n gedissiplineerde en doelgerigte *skoolomgewing* toegewy aan die handhawing en verbetering van 'n gehaltebeheerstruktuur by 'n *openbare skool*.

(3) Alle lede van 'n *beheerligaam* moet die gedragskode eerbiedig.

(4) Die gedragskode moet, volgens voorgeskrewe prosedure, bepalings bevat wat die belang van lede van die *beheerligaam* in dissiplinêre verrigtinge beskerm.

(5) Die *Departementshoof* mag volgens voorgeskrewe prosedure 'n lid van die *beheerligaam* se lidmaatskap vir skending van die gedragskode opskort of beëindig.

(6) 'n Lid van 'n *beheerligaam* kan by die *Provinsiale Minister* appelleer teen 'n besluit van die *Departementshoof* om lidmaatskap van 'n lid van 'n *beheerligaam* op te skort of te beëindig.''

5

10

15

20

Invoeging van artikel 27A van Wet 12 van 1997

14. Die volgende artikel word ingevoeg na artikel 27 van die Hoofwet:

“Toelatingsouderdom tot onafhanklike skool”

27A. Die toelatingsouderdom van 'n *leerder* tot 'n *onafhanklike skool* 25 tot—

- (a) graad R is vier, maar word vyf teen 30 Junie in die toelatingsjaar;
- (b) graad 1 is vyf, maar word ses teen 30 Junie in die toelatingsjaar.

(2) 'n *Onafhanklike skool* kan 'n *leerder* wat onder die ouderdom in subartikel (1) beoog, toelaat, indien—

- (a) gegronde redes gebied word aan die *Departementshoof*; en
- (b) die *leerder* voldoen aan die kriteria in artikel 45A (c) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog.

(3) Vir die doeleindes van subartikel (2) (a), beteken gegronde redes dat—

- (a) dit bewys kan word dat buitengewone omstandighede bestaan wat die toelating van 'n *onderouderdomleerder* noodsaak omdat toelating in die *leerder* se beste belang sou wees; en

(b) dat die weiering om daardie *leerder* toe te laat ernstig nadelig vir die *leerder* se ontwikkeling sou wees."

30

35

40

Vervanging van artikel 41 van Wet 12 van 1997

15. Die volgende artikel vervang artikel 41 van die Hoofwet:

“Toelating tot openbare skole”

41. (1) 'n *Openbare skool* moet *leerders* toelaat en in hulle onderwysbehoeftes voorsien sonder om op enige wyse onbillik te diskrimineer.

(2) Die *beheerligaam* van 'n *openbare skool* mag geen toets afneem in verband met die toelating van 'n *leerder* tot 'n *openbare skool* of die *principaal* van die *skool* of enige ander persoon aansê of magtig om sodanige toets af te neem nie.

(3) Geen *leerder* mag toelating tot 'n *openbare skool* geweier word op gronde daarvan dat die *leerder se ouer*—

45

50

| | |
|---|---------------------------------------|
| <p>(a) nie in staat is om <i>skoulgeld</i> soos bedoel in artikel 39 van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> te betaal of dit nie betaal het nie;</p> <p>(b) nie die <i>skool</i> se missiestelling onderskryf nie; of</p> <p>(c) geweier het om 'n kontrak aan te gaan waarvolgens die <i>ouer</i> afstand doen van enige eis om skadevergoeding wat ontstaan uit die <i>onderwys</i> van die <i>leerder</i>.</p> <p>(4) (a) Die toelatingsouderdom van'n <i>leerder</i> tot 'n <i>openbare skool</i> tot—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) graad R is vier, maar word vyf teen 30 Junie in die toelatingsjaar; (ii) graad 1 is vyf, maar word ses teen 30 Junie in die toelatingsjaar. <p>(b) Behoudens die beskikbaarheid van gesikte <i>skoolplekke</i> en ander opvoedkundige hulpbronne, mag die <i>Departementshoof</i>'n <i>leerder</i> wat onder die ouderdom is soos beoog in paragraaf (a) toelaat indien—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) goeie rede aangevoer word aan die <i>Departementshoof</i>; en (ii) die <i>leerder</i> voldoen aan die kriteria beoog in artikel 5(4) (c) van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i>. <p>Vir die doel van paragraaf (b) (i), beteken 'n goeie rede—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) dat dit aangevoer kan word dat buitengewone omstandighede bestaan wat die toelating van 'n <i>onderouderdomleerder</i> noodsaak aangesien toelating in die <i>leerder</i> se belang sou wees en (ii) dat die weierung om daardie <i>leerder</i> toe te laat ernstig nadelig vir die <i>leerder</i> se ontwikkeling sou wees. <p>(5) Onderworpe aan <i>hierdie Wet</i> en die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i>, word die toelatingsbeleid van 'n <i>openbare skool</i> bepaal deur die <i>beheerliggaam</i> van die <i>skool</i>.</p> <p>(6) 'n Aansoek om die toelating van 'n <i>leerder</i> tot 'n <i>openbare skool</i> moet gerig word aan die <i>Wes-Kaap Onderwysdepartement</i> op die wyse bepaal deur die <i>Departementshoof</i>.</p> <p>(7) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (6) geweier word, moet die <i>Departementshoof</i> die ouer skriftelik aangaande die weierung en die rede daarvoor in kennis stel.</p> <p>(8) Enige <i>leerder</i> of <i>ouer</i> van 'n <i>leerder</i> wat toelating geweier is tot 'n <i>openbare skool</i> kan teen die besluit appelleer by die <i>Proviniale Minister</i>.”</p> | 5 10 15 20 25 30 35 |
|---|---------------------------------------|

Vervanging van artikel 42 van Wet 12 van 1997

16. Die volgende artikel vervang artikel 42 van die Hoofwet:

“Verpligte skoolbywoning

| | |
|---|----------------------|
| <p>42. (1) Behoudens die Suid-Afrikaanse Skolewet moet elke <i>ouer</i> sorg dat elke <i>leerder</i> waarvoor hy of sy verantwoordelik is 'n <i>skool</i> bywoon, vanaf die eerste <i>skooldag</i> van die <i>jaar</i> waarin die <i>leerder</i> die ouderdom van sewe jaar bereik tot die laaste <i>skooldag</i> van die <i>jaar</i> waarin die <i>leerder</i> die ouderdom van sewentien jaar of die twaalfde <i>graad</i> bereik, watter ookal eerste plaasvind.</p> <p>(2) Die <i>Proviniale Minister</i> moet verseker dat daar genoeg <i>skoolplekke</i> is sodat elke kind wat in die <i>provinsie</i> woon <i>skool</i> kan bywoon soos vereis deur subartikel (1).</p> <p>(3) Indien die <i>Proviniale Minister</i> nie kan voldoen aan subartikel (2) nie as gevolg van 'n gebrek aan kapasiteit op die datum van inwerkingtreding van die <i>Wysigingswet</i> op die <i>Wes-Kaapse Proviniale Wet</i> op <i>Skoolonderwys</i>, 2010, moet hy of sy stappe doen om sodanige gebrek aan kapasiteit so spoedig moontlik reg te stel en 'n jaarlikse verslag oor die vordering wat in hierdie verband gemaak word, aan die <i>Nasionale Minister</i> voorlê.</p> <p>(4) Indien 'n <i>leerder</i> wat onderworpe is aan verpligte bywoning ingevolge subartikel (1) nie ingeskryf is by nie of in gebreke bly om 'n <i>skool</i> by te woon, kan die <i>Departementshoof</i></p> <p>(a) die omstandighede van die <i>leerder</i> se afwesigheid van <i>skool</i> ondersoek;</p> | 40 45 50 55 |
|---|----------------------|

- (b) toepaslike stappe doen om die toestand te herstel; en
 (c) by gebrek aan sodanige oplossing, aan die *ouer* van die *leerder* 'n skriftelike kennisgewing uitreik om voldoening aan subartikel (1) te vereis.
- (5) Behoudens die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, en enige ander toepaslike wet—
- (a) is enige *ouer* wat, sonder regverdige saak en na 'n skriftelike kennisgewing van die *Departementshoof* nalaat om te voldoen aan subartikel (1), skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande;
- (b) is enige ander persoon wat sonder regverdige saak 'n *leerder* wat onderhewig is aan verpligte skoolbywoning verhinder om 'n *skool* by te woon, skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete of aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.”

Wysiging van artikel 43 van Wet 12 van 1997

17. Artikel 43 van die Hoofwet word gewysig deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

“(1) Die *Departementshoof* kan, by ontvangs van 'n geskrewe aansoek, 20 hetsy in die geheel of vir sodanige tydperk en op sodanige voorwaardes wat hy of sy bepaal, 'n *leerder* skriftelik in die geheel, gedeeltelik of voorwaardelik vrystel van verpligte skoolbywoning ingestel kragtens artikel 42 indien dit in die beste belang van die leerder is.“

Wysiging van artikel 45 van Wet 12 van 1997

25

18. Artikel 45 van die Hoofwet word gewysig deur die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel:

“(2) 'n Beheerliggaam kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 30 'n *leerder* wat verdink word van ernstige wangedrag skors van *skoolbywoning*, maar mag slegs die skorsing toepas nadat die *leerder* 'n redelike geleentheid gebied is om vertoë betreffende die skorsing tot die beheerliggaam te rig.

(3) 'n *Beheerliggaam* moet dissiplinêre verrigtinge teen 'n *leerder* aanvoer, op die wyse in artikel 8 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog, binne sewe skooldae na die skorsing van die *leerder*.

(4) Indien dissiplinêre verrigtinge nie binne sewe skooldae na die skorsing van 'n *leerder* aangevoer word nie, moet die *beheerliggaam* goedkeuring verkry van die *Departementshoof* vir die voortsetting van die skorsing van die *leerder*.

(5) 'n *Beheerliggaam* kan, indien 'n *leerder* skuldig bevind word aan ernstige wangedrag tydens die dissiplinêre verrigtinge in artikel 8 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog—

(a) die skorsing van die *leerder* ople vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae of enige ander sanksie in die gedragskode van die *openbare skool* beoog; of

(b) 'n aanbeveling aan die *Departementshoof* maak om die *leerder* uit die *openbare skool* te skors.

(6) Die *Departementshoof* moet die aanbeveling van die *beheerliggaam* soos na verwys in subartikel (5)

(b), oorweeg, en sal binne 14 dae van ontvangs van die aanbeveling besluit om die *leerder* te skors al dan nie.

(7) 'n *Beheerliggaam* kan 'n *leerder* skors of die skorsing van 'n *leerder* verleng, hoogstens vir 'n tydperk van 14 skooldae in afwagting van die besluit deur die *Departementshoof* om die *leerder* uit die *openbare skool* te skors of nie.

(8) 'n *Leerder* in 'n *openbare skool* kan geskors word slegs

(a) deur die *Departementshoof*, en

| | |
|--|--|
| <p>(b) indien skuldig bevind aan ernstige wangedrag na dissiplinêre verrigtinge, soos beoog in artikel 8 van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i>, onderneem is.</p> <p>(9) Die <i>Provinsiale Minister</i> moet by kennisgewing in die <i>Provinsiale Koerant</i> bepaal—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) watter gedrag van 'n <i>leerder</i> by 'n <i>openbare skool</i> ernstige wangedrag kan uitmaak; (b) watter dissiplinêre verrigtinge in sodanige gevalle gevolg moet word; (c) watter bepalings van die geregtelike proses die belang van die <i>leerder</i> en enige ander party betrokke by dissiplinêre verrigtinge beveilig. <p>(10) 'n <i>Leerder</i> of die <i>ouer</i> van 'n <i>leerder</i> wat uit 'n <i>openbare skool</i> geskors is, kan binne 14 <i>skooldae</i> na die ontvangs van die uitsettingskennisgewing by die <i>Provinsiale Minister</i> app l aanteken teen die besluit van die <i>Departementshoof</i>.</p> <p>(11) Indien 'n leerder wat onderworpe is aan verpligte bywoning ingevolge subartikel 42 (1) uitgesit is uit 'n <i>openbare skool</i>, moet die <i>Departementshoof</i> 'n alternatiewe reëling tref vir sy of haar plasing by 'n <i>openbare skool</i>.</p> <p>(12) 'n <i>Leerder</i> wat geappelleer het op die wyse in subartikel (10) beoog, moet, in afwagting van die uitkoms van die app l, toegang tot <i>onderwys</i> verleen word op die wyse soos deur die <i>Departementshoof</i> bepaal.</p> <p>(13) Die <i>Departementshoof</i>, by die bepaling van die wyse van bywoning in subartikel (12) beoog, moet—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) redelike maatreëls tref om die regte van ander <i>leerders</i> by die <i>openbare skool</i> te beskerm; en (b) kan 'n alternatiewe wyse oorweeg om <i>onderwys</i> aan die <i>leerder</i> in subartikel (12) bedoel, te verskaf. <p>(14) Indien die <i>Departementshoof</i> besluit om 'n <i>leerder</i> in subartikel (8) bedoel, nie uit te sit nie, kan die <i>Departementshoof</i>, na oorlegpleging met die <i>beheerliggaam</i>, 'n gesikte sanksie op die leerder ople.</p> <p>(15) Indien die <i>Departementshoof</i> besluit om nie 'n sanksie op die leerder te lê nie, moet die <i>Departementshoof</i> die saak terugverwys na die <i>beheerliggaam</i> vir 'n alternatiewe sanksie, anders as uitsetting, ingevolge die gedragskode in subartikel (1) bedoel.</p> <p>(16) Die <i>beheerliggaam</i> moet die sanksie in subartikel (14) bedoel, <u>implementeer.</u>"</p> | <p>5</p> <p>10</p> <p>15</p> <p>20</p> <p>25</p> <p>30</p> <p>35</p> |
|--|--|

Invoeging van artikel 45A in Wet 12 van 1997

19. Die volgende artikel word ingevoeg na artikel 45 van die Hoofwet:

| | |
|--|---|
| <p>"Verbod op gevaaarlike voorwerpe, onwettige dwelms en alkoholiese drank op skoolterreine"</p> <p>45A. (1) Tensy dit deur die <i>prinsipaal</i> om wettige opvoedkundige redes gemagtig is, mag geen persoon enige <i>gevaaarlike voorwerp</i>, <i>onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank op die <i>skoolterrein</i> bring of in sy of haar besit enige sodanige voorwerp, dwelm of alkoholiese drank op <i>skoolterreine</i> of tydens enige skoolaktiwiteit of geleenthed hê nie.</p> <p>(2) Die <i>prinsipaal</i> of sy of haar gedelegeerde mag—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) enige <i>leerder</i> of die eiendom van enige <i>leerder</i> deursoek vir enige <i>gevaaarlike voorwerp</i>, <i>onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank, indien die <i>prinsipaal</i> op enige redelike gronde die teenwoordigheid van 'n <i>gevaaarlike voorwerp</i>, 'n <i>onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank op die <i>skoolterrein</i> of tydens 'n <i>skoolaktiwiteit</i> of geleenthed vermoed; en (b) beslag lê op enige <i>gevaaarlike voorwerp</i>, <i>onwettige dwelm</i>, of alkoholiese drank wat tydens die ondersoek gevind word. <p>(3) 'n Persoon wat 'n ondersoek doen soos in subartikel (2) beoog, moet dit uitvoer op 'n wyse wat redelik en in verhouding is tot die doelstellings en doelwitte van die ondersoek.</p> <p>(4) Waar 'n ondersoek in subartikel (3) beoog, insluit die deursoeking van enige <i>leerder</i>, moet die persoon wat die <i>leerder</i> deursoek-</p> | <p>40</p> <p>45</p> <p>50</p> <p>55</p> |
|--|---|

| | |
|---|----|
| <p>(a) nie van die leerder verwag om enige kledingstukke behalwe boklere te verwyder nie;</p> <p>(b) van dieselfde geslag wees as die <i>leerder</i>; en</p> <p>(b) die deursoeking net uitvoer in die teenwoordigheid van 'n ander <i>personeellid</i> wat ook van dieselfde geslag as die <i>leerder</i> is.</p> | 5 |
| <p>(5) Indien, as gevolg van 'n deursoeking of as gevolg van betroubare inligting wat ontvang is, of om enige ander rede, die <i>prinsipaal</i> goeie rede het om te glo dat enige <i>gevaarlike voorwerp, onwettige dwelm</i>, of alkoholiese drank op die liggaaam of persoon van 'n spesifieke <i>leerder</i> versteek is, kan die <i>prinsipaal</i> n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens versoek om 'n uitvoeriger deursoeking van daardie <i>leerder</i> se persoon te doen, wat kan insluit die verwydering van kledingstukke.</p> | 10 |
| <p>(6) Enige <i>gevaarlike voorwerp, onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank waarop beslag gelê word, moet</p> <p>(a) duidelik en korrek gemerk word met volle besonderhede, insluitende—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) waar dit gevind is en, indien van toepassing, die naam van die <i>leerder</i> in wie se besit dit gevind is; (ii) die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging; (iii) 'n incidentverwysingsnommer; (iv) die naam van die persoon wat die ondersoek gedoen het; (v) die naam van die <i>personeellid</i> in wie se teenwoordigheid die deursoeking gedoen is, waarvan toepassing; en (vi) enige ander besonderhede wat nodig mag wees om die item en die incident te identifiseer; <p>(b) in die <i>skool</i> se verslagboek aangeteken word; en</p> <p>(c) onmiddellik oorhandig word aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens om daar mee weg te doen ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).</p> | 15 |
| <p>(7) Indien die Polisie nie die <i>gevaarlike voorwerp, onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank onmiddellik van die <i>skool</i> kan verwyder nie, moet die <i>prinsipaal</i> of sy of haar gedelegeerde—</p> <p>(a) die <i>gevaarlike voorwerp, onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank na die naaste polisiekantoor neem; en</p> <p>(b) die <i>gevaarlike voorwerp, onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank aan die polisie oorhandig om daar mee weg te doen ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977.</p> | 20 |
| <p>(8) Die polisiebeampte wat die <i>gevaarlike voorwerp, onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank in ontvangs geneem het, moet 'n amptelike kwitansie daarvoor uitreik aan die <i>prinsipaal</i> of gedelegeerde.</p> | 25 |
| <p>(9) Die <i>prinsipaal</i> of sy of haar gedelegeerde kan 'n urien- of ander nie-ingrypende toets doen op enige <i>leerder</i> indien die <i>prinsipaal</i> redelike gronde het om te vermoed dat die <i>leerder</i>:</p> <p>(a) in besit is of alkoholiese drank of onwettige dwelms gebruik; of</p> <p>(b) onder die invloed is van alkoholiese drank of onwettige dwelms gedurende skoolure of by 'n skoolaktiwiteit of geleenthed.</p> | 30 |
| <p>(10) 'n <i>Leerder</i> bedoel in subartikel (9) kan onderwerp word aan 'n urien- of ander nie-ingrypende toets vir <i>onwettige dwelms</i> of alkohol, slegs indien—</p> <p>(a) die toets uitgevoer word deur 'n persoon van dieselfde geslag as die <i>leerder</i>,</p> <p>(b) dit in 'n private area plaasvind;</p> <p>(c) een volwasse getuie van dieselfde geslag as die <i>leerder</i>, teenwoordig is,</p> <p>(d) die monster duidelik en korrek gemerk is met volledige besonderhede in subartikel (6) beoog, met die nodige veranderinge; en</p> <p>(e) 'n instrument bedoel artikel 8(A (11) van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i>, gebruik word.</p> | 35 |
| <p>(11) Die <i>prinsipaal</i> of sy of haar gedelegeerde sal—</p> <p>(a) binne een werksdag, indien uitvoerbaar, die <i>ouer</i> van die betrokke <i>leerder</i> inlig dat 'n toets of deursoeking en beslaglegging gedoen is ten opsigte van die <i>leerder</i>; en</p> | 40 |
| | 45 |
| | 50 |
| | 55 |
| | 60 |

| | |
|---|---------------------|
| <p>(b) die <i>leerder</i> en <i>ouer</i> inlig van die uitslag van die toets onmiddellik nadat dit beskbaar gestel word.</p> <p>(12) 'n Persoon wat gesag kragtens hierdie artikel uitoefen, kan sodanige mag gebruik as wat in die omstandighede redelik is vir die uitoefening van daardie mag.</p> <p>(13) 'n <i>Leerder</i> kan aan dissiplinêre verrigtinge onderwerp word indien—</p> <p>(a) die <i>leerder</i> in besit is van 'n <i>gevaarlike voorwerp, onwettige dwelm</i> of alkoholiese drank gedurende skoolure of by 'n skoolgeleenheid of aktiwiteit; of</p> <p>(b) die <i>leerder</i> positief getoets het vir alkoholiese drank of 'n <i>onwettige dwelm</i> in die omstandighede beskryf in subartikel (10).</p> <p>(14) Enige dissiplinêre verrigtinge ten opsigte van 'n <i>leerder</i> moet geskied ingevolge die gedragskode in artikel 45(1) beoog.</p> <p>(15) In hierdie artikel—</p> <p>(a) beteken 'boklere'—</p> <p>(i) enige kledingstuk wat gedra word anders as heeltemal op die vel of onmiddellik oor 'n kledingstuk wat as onderklere gedra word; of</p> <p>(ii) 'n hoed, skoene, stewels of 'n serp;</p> <p>(b) sluit 'eiendom' betreffende 'n leerder enige goedere in waaroor die <i>leerder</i> beheer of skynbaar beheer het.'</p> | 5 10 15 20 |
|---|---------------------|

Invoeging van artikels 46A en 46B in Wet 12 van 1997

20. Die volgende artikel word ingevoeg na artikel 46 van die Hoofwet:

"Verbod op inisiasiepraktyke

| | |
|--|--|
| <p>46A. 'n Persoon mag nie enige inisiasiepraktyke teen enige <i>leerder</i> by 'n <i>skool</i> onderneem of daaraan deelneem nie.</p> <p>(2) (a) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan wangedrag en dissiplinêre optrede sal teen sodanige persoon ingestel word ooreenkomsdig die toepaslike gedragskode bedoel in artikel 13 of 45(1) van hierdie Wet of vervat in Skedule 2 tot die <i>Wet op die Indiensneming van Opvoeders</i>.</p> <p>(b) Benewens paragraaf (a), kan 'n <i>leerder</i> siviele aksie instel tegen 'n persoon of 'n groep wat daardie <i>leerder</i> gemanipuleer en gedwing het om enige inisiasiepraktyke te onderneem of daaraan deel te neem.</p> <p>(3) Vir die doeleindes van hierdie Wet, beteken 'inisiasiepraktyke' enige daad wat in die proses van inisiasie, toelating tot, of affiliasie met, of as voorwaarde vir voortgesette lidmaatskap van, 'n <i>skool</i>, 'n groep, binnemuurse of buitemuurse aktiwiteite, <i>interskoolsportspan</i>, of organisasie—</p> <p>(a) die geestelike of fisiese gesondheid of veiligheid van 'n persoon in gevaar stel</p> <p>(b) die intrinsieke waarde van mense ondermyн deur sommige as onderskik aan ander te behandel;</p> <p>(c) individue onderwerp aan vernederende of gewelddadige handelinge wat die grondwetlike waarborg tot waardigheid in die Handves van Regte ondermyн;</p> <p>(d) die fundamentele regte en waardes waarop die <i>Grondwet</i> gebaseer is, ondermyн;</p> <p>(e) die ontwikkeling van 'n ware demokratiese kultuur waarvolgens 'n individu geregtig is om met respek en sorgsaamheid behandel te word, belemmer; of</p> <p>(f) openbare of private eiendom vernietig."</p> | 25 30 35 40 45 50 55 |
|--|--|

Verbod op politieke aktiwiteite in skooltyd

| | |
|---|----|
| <p>46B. (1) <i>Skooltyd</i> moet slegs vir opvoedkundige aktiwiteite gebruik word.</p> <p>(2) Geen persoon mag partypolitieke aktiwiteite op <i>skoolterreine</i> tydens <i>skooltyd</i> bedryf nie, met inbegrip van—</p> | 55 |
|---|----|

| | |
|---|---------------|
| <p>(a) die hou van veldtogte; (b) die hou van 'n saamtrek; (c) die verspreiding van party-politieke literatuur; en (d) die opsig van plakkate.</p> <p>(3) 'n <i>Beheerliggaam of prinsipaal</i> mag nie 'n politieke party of 'n lid van sodanige party toelaat om politieke aktiwiteite by 'n <i>skool</i> gedurende <i>skoolure</i> te bedryf nie.</p> <p>(4) 'n <i>Skool</i> mag nie die vertoning van materiaal van 'n party-politieke aard op die <i>skoolterrein</i> toelaat nie, tensy dit as deel van die voorgeskrewe kurrikulum gedoen word.</p> <p>(5) Vir doeleinades van hierdie artikel, beteken 'skooltyd' die tye van die <i>skooldag</i> soos bepaal deur die <i>beheerliggaam</i> kragtens artikel 21A(1) (g), en enige ander tyd waartydens kurrikulêre of buite-kurrikulêre aktiwiteite op die <i>skoolterrein</i> plaasvind.</p> <p>(6) Indien 'n <i>beheerliggaam</i> toelaat dat die terrein van 'n <i>skool</i> deur 'n politieke party gebruik word, moet dit gedoen word sodat dit strook met die <u>Grondwet en hierdie Wet.</u>"</p> | 5 10 15 |
|---|---------------|

Vervanging van artikel 48 van Wet 12 van 1997

21. Die volgende artikel vervang artikel 48 van die Hoofwet:

| | |
|--|----------------|
| <p>"Verteenwoordigende raad van leerders</p> <p>48. 'n <i>Verteenwoordigende raad van leerders</i> by die <i>skool</i> moet ingestel word by elke <i>openbare skool</i> wat <i>leerders</i> in die agste <i>graad</i> of hoër inskryf, en daardie raad is die enigste erkende en wettige <i>verteenwoordigende leerderliggaam</i> by die <i>skool</i>.</p> <p>(2) Die <i>Provinsiale Minister</i> moet, kragtens beleid wat ingestel is ingevolge artikel 3 (4) (g) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996) by kennisgewing in die <i>Provinsiale Koerant</i>, die werksaamhede en procedures vir die vestiging en verkiezing van <i>verteenwoordigende rade van leerders</i> bepaal. (3) Die <i>Provinsiale Minister</i> kan by kennisgewing in die <i>Provinsiale Koerant</i>, 'n <i>openbare skool</i> vir <i>leerders met spesiale onderwysbehoeftes</i> vrystel van voldoening aan subartikel (1) indien dit nie prakties moontlik is om 'n <i>verteenwoordigende raad van leerders</i> by die <i>skool</i> in te stel nie.</p> | 20 25 30 |
|--|----------------|

Vervanging van artikel 49 van Wet 12 van 1997

22. Die volgende artikel vervang artikel 49 van die Hoofwet:

| | |
|--|----------------------|
| <p>"Skoolgeld by openbare skole</p> <p>49. (1) Behoudens die Suid Afrikaanse Skolewet, kan skoolgeld bepaal en gehef word by 'n <i>openbare skool</i> slegs as 'n resolusie om dit te doen aanvaar is deur 'n meerderheid van <i>ouers</i> wat die vergadering bedoel in artikel 38 (2) van die Wet bywoon.</p> <p>(2) 'n Resolusie in subartikel (1) beoog maak voorsiening vir—</p> <p>(a) die bedrag van die <i>skoolgeld</i> wat gehef word;</p> <p>(b) billike kriteria en procedures vir die algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van <i>ouers</i> wat nie in staat is om <i>skoolgeld</i> te betaal nie; en</p> <p>(c) 'n <i>skoolbegroting</i> wat die beraamde kumulatiewe uitwerking reflekteer van—</p> <p style="padding-left: 2em;">(i) die gevestigde tendense van die niebetaling van <i>skoolgeld</i>; en</p> <p style="padding-left: 2em;">(ii) die algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling wat aan <i>ouers</i> verleen word kragtens die regulasies in artikel 39 (4) van die <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> beoog.</p> | 35 40 45 50 |
|--|----------------------|

(3) Die *beheerliggaam* moet 'n resolusie implementeer wat aanvaar is by die vergadering bedoel in subartikel (1).

(4) 'n *Openbare skool* mag geen registrasie-, administrasie- of ander geldelike hef nie, behalwe *skoolgeld* soos gedefinieer in artikel 1.

55

(5) 'n *Openbare skool* mag nie vir 'n ouer van 'n *leerder* verskillende *skoalgeld* hef gebaseer op kurrikulum of buitemuurse kurrikulum binne dieselfde *graad* nie.

(6) Die *Provinsiale Minister* moet al die *skole* binne die *provinsie* identifiseer en 'n lys opstel van al die skole bedoel in artikel 39(7) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

(7) Die *skole* bedoel in artikel 39(7) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, kan, ondanks daardie artikel wel *skoalgeld* hef indien hulle minder van die Wes-Kaap Onderwysdepartement ontvang as die geengelddedrempe waarna verwys word in artikel 39 (8) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

(8) Die reg van die *skool* om *skoalgeld* te hef ingevolge subartikel (7) is beperk tot 'n bedrag gelykstaande aan die totaal verkry as die werklike bedrag ontvang van die Staat, afgetrek word van die geengelddedrempe.”.

Invoeging van artikel 51A in Wet 12 van 1997

23. Die volgende artikel word ingevoeg na artikel 51 van die Hoofwet: 15

“Verbod op betaling van ongemagtigde vergoeding, of die gee van finansiële voordeel of voordeel in goedere aan sekere werknemers

51A. (1) Behoudens subartikel (2) mag 'n beheerliggaam nie aan 'n staatswerknemer aangestel ingevolge die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* of die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) enige ongemagtigde—

- (a) vergoeding
- (b) ander finansiële voordele; of
- (c) voordeel in goedere betaal of gee nie.

(2) 'n *Beheerliggaam* kan aansoek doen by die *Departementshoof* om goedkeuring om aan 'n staatswerknemer enige betaling in subartikel (1) beoog, te betaal.

(3) Sodanige aansoek moet op skrif voorgelê word aan die kantoor van die *Departementshoof* en moet aandui

- (a) die volle besonderhede van die aard en omvang van die betaling;
- (b) die proses en bronne wat gebruik sal word om die staatswerknemer te vergoed of te besoldig; en
- (c) die mate van voldoening aan artikel 21A(5) tot (9).

(4) Die *beheerliggaam* moet die aansoek in subartikel (2) beoog ten minste vier maande voor die finalisering van die *skoolbegroting* indien.

(5) Ondanks subartikel (1), kan 'n *beheerliggaam* reis- en verblyfkoste wat betrekking het op amptelike *skoolaktiwiteit* betaal, maar sodanige uitgawes mag nie groter wees as daardie wat aan 'n staatsbeampte betaalbaar sou wees onder soortgelyke omstandighede nie.

(6) Die *Departementshoof* moet nie onredelik 'n aansoek in subartikel (2) beoog, weier nie.

(7) By die oorweging van die aansoek, moet die *Departementshoof* rekening hou met—

- (a) die implikasies vir die werkewer ingevolge die indiensnemingskontrak en arbeidswetgewing;
- (a) of die betrokke diens in die aansoek sal inmeng met die normale dienslewering van die werknemer;
- (b) of die werkewer reeds vir die betrokke diens in die aansoek betaal het; en
- (c) of die addisionele vergoeding, ander voordele of voordele in goedere die kernaktiwiteit en funksies van die *skool* ondersteun.

(8) Die betaling in subartikel (1) beoog, moet gereflekteer word in die *skool* se begroting, soos aangebied aan die algemene vergadering van *ouers* bedoel in artikel 38 (2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

(9) Indien 'n *beheerliggaam* vergoeding betaal of enige finansiële voordeel of voordeel in goedere in subartikel (1) beoog aan 'n werknemer gee sonder die voorafgoedkeuring van die *Departementshoof*, moet die bedrag geld wat betaal is of die voordeel wat gegee is, namens die *skool* deur die *Departementshoof* verhaal word van lede van die *beheerliggaam*

wat daardie besluit ondersteun het, met uitsluiting van 'n lid van die *beheerliggaam* wat 'n minderjarige is.

- (10) 'n *Beheerliggaam* kan by die *Provinciale Minister* appelleer teen—
 (a) die weiering deur die *Departementshoof* van 'n aansoek in subartikel (2) beoog; of
 (b) die versuim van die *Departementshoof* om 'n besluit te verskaf oor 'n aansoek in subartikel (2) beoog, binne drie maande na die inlewering van die aansoek in die kantoor van die *Departementshoof*.”

5

Invoeging van artikels 54A, 54B en 54C in Wet 12 van 1997

1. Die volgende artikels word ingevoeg na artikel 54 van die Hoofwet: 10

Toepassing van artikel 14 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders rakende tydelike opvoeders en opvoeders wat op kontrak aangestel word

54A. Artikel 14 van die Wet op die Indiensneming van opvoeders is van toepassing, met die nodige veranderinge vereis deur die konteks, op *opvoeders* aangestel in tydelike poste, opvoeders aangestel op 'n vaste termyn kontrak en *opvoeders* op proef. 15

Geagte ontslag van opvoeder

54B. Indien 'n *opvoeder* wat permanent, of in 'n tydelike pos of op proef aangestel is, bedank nadat dissiplinêre aanklagte teen hom aanhangig gemaak is, maar voor die dissiplinêre verrigtinge afgehandel is, sal die *opvoeder* geag word ontslaan te wees op grond van sodanige dissiplinêre aanklagte vir die doeleindes van die strewe na toekomstige indiensneming as 'n *opvoeder* of as 'n werknemer in die staatsdiens. 20

(2) Die versuim om die ware feite te openbaar van sodanige dissiplinêre aanklagte en van die bedanking voor die afhandeling van die dissiplinêre verrigtinge in 'n aansoek om aanstelling as *opvoeder* of aan die *Wes-Kaap Onderwysdepartement*, maak 'n grond uit vir ontslag. 25

(3) Indien die *Departementshoof* dit oorweeg om 'n *opvoeder* nie aan te stel nie op grond van die geagte ontslag ingevolge subartikel (1), sal die *Departementshoof* skriftelike voorleggings aanvra van die *opvoeder* op die voorgeskrewe wyse, en kan hy of sy enige proses insieer soos voorgeskryf mag wees voordat daar op die aanstelling besluit word. 30

Tydperk vir die indien van grieve rakende aanstelling of bevordering

54C. Ondanks item 3.1(b)(i) van die Personeeladministrasiemaatreëls, moet die tydperk vir die indien van grieve rakende die aanstelling of bevordering van 'n *opvoeder* of beampete van die *Wes-Kaap Onderwysdepartement*, gemaak deur die *Departementshoof*, hoogstens 30 dae vanaf kennisgewing van die besluit wees.” 35

Wysiging van artikel 55 van Wet 12 van 1997

25. Artikel 55 van die Hoofwet word gewysig deur die vervanging van paragraaf (i) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

“(i) 'n persoon of persone van [georganiseerde onderwysersorganisasies] 'n vakunie wat lid is van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys, wat, vir doeleindes om saam met *opvoeders* te vergader, goedkeuring van die *principaal* verkry het.” 45

Wysiging van artikel 63 van Wet 12 van 1997

26. Artikel 63 van die Hoofwet word gewysig—
 (a) deur die vervanging van paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf: 50

- “(a) Die bestuur en beheer van [koshuise en] *openbare skole* en die beheer oor die onroerende eiendom en toerusting van die *Wes-Kaap Onderwysdepartement*,”;
- (b) deur die vervanging van subparagraph (i) van paragraaf (a) deur subartikel (1) van die volgende subparagraph:
- “(i) die ontvangs en gebruik van fondse of ander goedere deur *openbare skole [en koshuise verbonde aan sodanige openbare skole]* en die boeke, aantekeninge en state wat gehou moet word in verband daarmee deur die liggeme of persone genoem in die *regulasies*; en”;
- (c) deur die invoeging na paragraaf (c) van subartikel (1) van die volgende paragrawe:
- “(cA) doeltreffende prestasie-evaluering van *skole, opvoeders en leerders*;
- “(cB) prestasie-ooreenkoms tussen die *Departementshoof* en *prinsipale, adjunkprinsipale* en kantoorgebaseerde *opvoeders*;
- “(cC) minimum onderrigure per *skoolweek* en *skooldag*;
- “(cD) die verklaring van persoonlike belang van lede van *beheerliggame* in die verkryging van goedere en dienste vir *skole*;
- “(cE) dissiplinering, skorsing en uitsetting van *leerders*;
- “(cJ) norme en standarde vir basiese infrastruktuur en kapasiteit in *openbare skole*.”.

Vervanging van sekere uitdrukings in Wet 12 van 1997

27. Die Hoofwet word gewysig deur die vervanging van die uitdrukings in die eerste kolom van die Skedule deur die uitdrukings in die tweede kolom.

Kort titel en inwerkingtreding

25

28. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Wes-Kaapse Proviniale Wet op Skoolonderwys, 2010, en tree in werking op 'n datum wat die Premier deur proklamasie bepaal.

SKEDULE (Artikel 27)

| | | |
|--|---|----|
| Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1994 (Proklamasie 138 van 1994) | <i>Wet op die Indiensneming van Opvoeders</i> | 30 |
| <i>Lid van die Uitvoerende Raad</i> | <i>Proviniale Minister</i> | |
| <i>Wetgewer</i> | <i>Proviniale Parlement</i> | 35 |
| Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) | <i>Suid-Afrikaanse Skolewet</i> | |

MEMORANDUM OOR DIE DOELWITTE VAN DIE KONSEPWYSIGINGS-WETSONTWERP OP WES-KAAPSE PROVINSIALE SKOOLONDERWYS, 2010

1. AGTERGROND

Op 19 Junie 2009 het die Agbare Provinsiale Minister vir Onderwys in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement aangekondig dat die hersiening van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) (die WKPWSO) 'n strategiese prioriteit vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement is.

Die Konsepwysigingswetsontwerp op Wes-Kaapse Provinsiale Skoolonderwys, 2010 (die Konsepwysigingswetsontwerp) beoog die wysiging van die WKPWSO om dit in ooreenstemming te bring met ontwikkelings in die onderwyslandskap, en om te verseker dat die stelsels van leer en uitmuntendheid in onderwys in plek geplaas word op 'n wyse wat die reg op basiese onderwys wat in artikel 29(1) van die Grondwet verskans is, respekteer, beskerm, bevorder en vervul.

Die Konsepwysigingswetsontwerp beoog die wysiging van die WKPWSO ten einde sekere tegniese en substantiewe regstellings te kan maak, om sake te verduidelik en om sekere bepalings in te voeg waarvoor bestaande bepalings van die Wet nie voorsiening maak nie.

Die Konsepwysigingswetsontwerp beoog verder om die WKPWSO met die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, te konsolideer en in ooreenstemming te bring.

2. DOELWITTE VAN DIE KONSEPWETSONTWERP

- 2.1 Klousule 1** maak voorsiening vir die wysiging van die aanhef tot die WKPWSO ten einde die gees, aard en doelstelling van die Konsepwysigingswetsontwerp binne die konteks van 'n geglobaliseerde omgewing vas te vang, en sodoende aan alle leerders toegang tot die hoogste gehalte van basiese onderwys te bied.
- 2.2 Klousule 2** maak voorsiening vir die invoeging van 'n aantal definisies en beoog die wysiging van sekere ander definisies.
- 2.3 Klousule 3** beoog die wysiging van artikel 3 van die WKPWSO ten einde die Provinsiale Minister se beleidmakende magte te vermeerder, en voorsiening te maak vir beter standarde van prestasie deur opvoeders, leerders, moderatore en toesighouers, beter monitering en assessering van prestasie om verantwoordbaarheid, doeltreffendheid en verhoogde effektiwiteit te verseker.
- 2.4 Klousule 4** beoog die wysiging van artikel 7 van die WKPWSO deur die insluiting van nasieners as 'n kategorie van persone ten opsigte van wie die Departementshoof reëls mag maak.
- 2.5 Klousule 5** beoog die invoeging van 'n nuwe artikel 7A om van die Provinsiale Minister en die Departementshoof te vereis om te verseker dat daar voldoen word aan die nasionale norme en standarde en dat dit geïmplementeer word.
- 2.6 Klousule 6** beoog die wysiging van artikel 9 van die WKPWSO om voorsiening te maak vir toegang tot skole deur die werkewer en die werkewer se genomineerde, insluitende buite-agentskappe, om prestasie en die professionele bestuur van die skool te monitor.
- 2.7 Klousule 7** beoog die wysiging van artikel 11 van die WKPWSO ten opsigte van die samestelling van die Onderwysraad.
- 2.8 Klousule 8** beoog die invoeging van 'n nuwe artikel 12A wat voorsiening maak vir die samesmelting van twee of meer openbare skole, en werkswyses en prosesse daarstel wat tydens sodanige samesmeltings gevvolg moet word. 'n Nuwe artikel 12B word ingevoeg wat voorsiening maak vir die identifikasie van

onderpresterende skole, en die procedures wat gevolg moet word om die onderprestasie deur daardie skole aan te spreek.

2.9 Klousule 9 beoog die wysiging van artikel 13 van die WKPWSO om daarvoor voorsiening te maak dat die professionele bestuur van 'n openbare skool onderneem moet word deur die prinsipaal onder die gesag van die Departementshoof.

2.10 Klousule 10 beoog die invoeging van 'n nuwe artikel 13A om voorsiening te maak vir die funksies en verantwoordelikhede van 'n prinsipaal van 'n openbare skool.

2.11 Klousule 11 beoog die invoeging van artikels 20A and 20B. Artikel 20A onderskei tussen spesiale skole vir leerders met leerstoornisse, en spesiale skole wat onderwys met 'n gespesialiseerde fokus of in enige ander sleutelgeïdentifiseerde fokusarea voorsien. Artikel 20B maak voorsiening vir norme en standarde vir basiese infrastruktuur, kapasiteit in openbare skole, en die voorsiening van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal.

2.12 Klousule 12 beoog die invoeging van 'n nuwe artikel 21A wat voorsiening maak vir die funksies van 'n beheerliggaam van 'n openbare skool.

2.13 Klousule 13 maak voorsiening vir die invoeging van artikel 26A wat voorsiening maak vir die bepaling van 'n gedragskode vir lede van die beheerliggaam.

2.14 Klousule 14 maak voorsiening vir die invoeging van artikel 27A wat voorsiening maak vir die toelatingsouderdom tot onafhanklike skole en vrystellings daartoe.

2.15 Klousule 15 beoog die wysiging van artikel 41 en maak voorsiening vir die toegangskriteria vir leerders tot openbare skole.

2.16 Klousule 16 beoog die wysiging van artikel 42 van die WKPWSO ten opsigte van verpligte skoolbywoning.

2.17 Klousule 17 beoog die wysiging van artikel 43 van die WKPWSO om voorsiening te maak vir die algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van verpligte skoolbywoning as dit in die beste belang van die leerder is.

2.18 Klousule 18 beoog die wysiging van artikel 45 om voorsiening te maak vir die skorsings- en uitsettingsprosedures van leerders uit 'n openbare skool.

2.19 Klousule 19 beoog die invoeging van artikel 45A wat voorsiening maak vir die verbod op gevaaarlike voorwerpe, onwettige dwelms en alkoholiese drank op skoolterreine of gedurende enige skoolaktiwiteit of geleentheid. Dit maak ook voorsiening vir die magtiging van deursoekings- en beslagleggingsprosedures, en vir dwelm- en alkoholtoetsing.

2.20 Klousule 20 beoog die invoeging van artikels 46A and 46B. Artikel 46A maak voorsiening vir die verbod op inisiasiepraktyke in openbare skole. Artikel 46B verbied politieke aktiwiteite op skoolterreine tydens skoolure.

2.21 Klousule 21 beoog die wysiging van artikel 48 van die WKPWSO deur voorsiening te maak vir die instelling van verteenwoordigende rade van leerders, die funksies en prosedures vir die instelling en verkiesing van verteenwoordigende rade van leerders, en vrystellings van die instelling van verteenwoordigende rade van leerders.

2.22 Klousule 22 beoog die wysiging van artikel 49 van die WKPWSO deur voorsiening te maak daarvoor dat openbare skole skoalgeld bepaal en hef behoudens 'n resolusie wat deur die meerderheid van ouers van leerders aanvaar word.

2.23 Klousule 23 beoog die invoeging van artikel 51A wat voorsiening maak vir die verbod op die betaling van ongemagtige besoldiging of die gee van 'n finansiële

voordeel of voordeel in goedere aan staatsamptenare deur die skoolbeheerraad behoudens goedkeuring deur die Departementshoof.

2.24 Klousule 24 beoog die invoeging van artikels 54A, 54B and 54C. Artikel 54A maak voorsiening vir die toepassing van artikel 14 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders om van toepassing te wees op opvoeders in tydelike poste, opvoeders op vastetermynkontrakte, en opvoeders op proef. Artikel 54B maak voorsiening vir die voorwaardes waaronder 'n opvoeder geag word van diens ontslaan te wees. Hierdie bepaling maak voorsiening vir opvoeders in tydelike poste, opvoeders op vastetermynkontrakte, en opvoeders op proef. Artikel 54C maak voorsiening vir 'n tydperk vir die indien van 'n grief rakende die aanstelling of bevordering van 'n opvoeder of staatsamptenaar.

2.25 Klousule 25 beoog die wysiging van artikel 55 van die WKPWSO deur die vervanging van die verwysing na georganiseerde onderwysersverenigings deur verwysing na 'n vakbond wat 'n lid moet wees van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys.

2.26 Klousule 26 beoog die wysiging van artikel 63 van die WKPWSO ten opsigte van sake waaroor die Provinsiale Minister regulasies mag uitvaardig.

2.27 Klousule 27 beoog die vervanging van sekere uirdrukkings in die WKPWSO ten einde hierdie uitdrukkings in ooreenstemming te bring met die Provinsiale Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, en toepaslike nasionale wetgewing.

3. KONSULTASIE

Interne werkwinkels, konsultasies en besprekings is binne die WKOD gehou. Die wysigings is verder noukeurig wetlik en grondwetlik deur die Hoofdirektoraat: Regsdienste ondersoek.

4. FINANSIELLE IMPLIKASIES VIR DIE STAAT

Geen.

5. WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Onderwys in die Wes-Kaap is tevrede dat al die bepalings in die Konsepwetsontwerp binne die Provinsie se wetgewende bevoegdheid val.

INQAKWANA LOKUCACISA NGOKUBANZI:

- [] Amagama abhalwe ngqindilili kwizibiyeli ezisisikwere abonisa loo magama ashiyelelweyo kwimithetho ekhoyo ngoku.
-
- Amagama akrwelwe ngaphantsi ngomgca omde ocacileyo abonisa oko kuye kwafakwa kwimithetho ekhoyo ngoku.
-

IDRAFTI YOMTHEETHO OYILWAYO

Wokufakela izilungiso kuMthetho weMfundu weZikolo zePhondo leNtshona Koloni, 1997, ukwenzela—

- ukulungelelana lo Mthetho noMthetho weZikolo waseMzantsi Afrika, 1996 (uMthetho 84 ka-1996) (*South African Schools Act, 1996 (Act 84 of 1996)*), ngokunxulumene neengcaciso-magama, unqinelwano nemimiselo nemigangatho, ukudibanisa *izikolo zikarhulumente*, *izikolo zikarhulumente* ezingaqhubi kakuhle, ukuphathwa nokulawulwa ngobungcali *kwezikolo zikarhulumente*, imisebenzi *yeenqununu zezikolo zikarhulumente*, imisebenzi *yamabhunga olawulo nolwabiwo lwaloo misesbenzi*, imigaqo yokuziphatha *yamalungu yamabhunga olawulo*; ubudala bokwamkelwa kwabafundi *kwizikolo ezizimeleyo*, ukwamkelwa *kwabafundi kwizikolo zikarhulumente*, *ukuhamba isikolo okunyanzelekileyo* nokuxolelwa ekuhambeni isikolo okulolu hlobo, ukunqunyanyiswa ekuyeni esikolweni kwabafundi nokugxothwa kwabafundi *kwizikolo zikarhulumente*, imikhwa yokukhwela abafundi esikolweni, *amabhunga amele abafundi*, kunye neefizi zesikolo *kwizikolo zikarhulumente*;
- ukwandisa amagunya oMphathiswa wePhondo ophathiswe *ezemfundo* ukwenzela ukuba abe nokumisela umgaqo-nkqubo *wezemfundo* kunye namagunya eNtloko *yeSebe leMfundu leNtshona Koloni* okuba yenze imithetho ethile;
- ukubonelela ngokuhlolwa *kwezikolo* ukulungiselela iinjongo ezithile kunye nokubonelela nokusekwa *kwezikolo zabafundi abaneemfuno ezizodwa zemfundo*;
- ukulawula ngokutsha ukusekwa nemisebenzi *yebhunga lezemfundo lephondo*;
- ukugunyazisa *uMphathiswa wePhondo* oxeliweyo ukuba amisele imimiselo nemigangatho emalunga neziseko zophuhliso ezisisiseko nokwazi ukwenza imisebenzi *kwisikolo sikarhulumente*;
- ukuthintela *izixhobo eziyingozi, iziyobisi ezingekho mthethweni*, kunye *neziselo ezinxilisayo kumasango esikolo*;
- ukuthintela imisebenzi *yezopolitiko ezikolweni* ngethuba lexesha lesikolo;
- ukuthintela intlawulo yemivuzo engagunyaziswanga kubaqeshwa abathile;
- ukubonelela ukuba *ootitshala* abathile baya kuthathwa ngokuba bagxothiwe kwiimeko ezithile;
- ukunciphisa ithuba lexesha lokufaka *izikhala* ozithile;
- ukwandisa amagunya *oMphathiswa wePhondo* oxeliweyo okwenza *imimiselo*;
- ukutshitshisa amabinzana-magama athile aphelelwe lixesha nangasangeni ndawo;
- kunye nokwenza isibonelelo ngemibandela enxulumene noku.

KUQINGQWA UMTHETHO yiPalamente yePhondo leNtshona Koloni, ngolu hlobo lulandelayo:

Ukutshintshaniswa kwesandulela soMthetho 12 ka-1997

1. Kutshintshaniswa esi sandulela silandelayo soMthetho weMfundu weZikolo zePhondo leNtshona Koloni, 1997 (uMthetho oyintloko)

“EKUBENI iPhondo leNtshona Koloni likuvuma ukubaluleka kwayo yonke *imfundu* ekwenzeni abemi boyise ukungalingani kwexesha langaphambili ukwenzela ukuba bafikelele kupuhliso lolwazi lwabo kwezoqoqosho oluya lusanda ngokhuphiswano nangokuntsonkotha kweli phondo, kuzwelonek nakumazwe ngamazwe; yaye

EKUBENI, kuthe ngenxa yoku, kwaba kubaluleke gqitha ukuba bonke *abafundi* bakwazi ukufikelala kowona mgangatho uphezulu *wemfundu* esisiseko eli *phondo* elinako ukuyibonelela neya kuthi ixhase kwaye igcine imigaqo neemfundiso ezisisiseko *zoMgago-siseko* weRiphabliki yoMzantsi Afrika, 1996, ingakumbi amalungelo abantwana, lo gama ifuna owona mgangatho uphezulu wokumelwa kukuphendula ngendima yabo *abafundi*, *abazali* babo, amabhunga olawulo ezikolo, ootishala namagosa.”.

5

10

15

Ufakelo Iwesilungiso kwisiqendu 1 soMthetho 12 ka-1997

2. Isiqendu 1 soMthetho oyintloko sifakelwa isilungiso

